

Die geboorte van 'n nuwe Missionale Kerkorde vir die NG Kerk

Ds Clem Marais van die Namibië Sinode vertel van 'n onlangse werkwinkel om 'n nuwe missionale kerkorde te skryf:

Die NG Kerk het reeds by herhaling haar getuigenis laat hoor dat hierdie kerk van 'n instandhoudingsparadigma, beweeg na 'n missionale paradigma. Teologies getuig sy dat God met sy sending na die wêreld besig is en dat Hy die kerk roep om aan te sluit daar waar Hy reeds werk.

Die persepsie bestaan dat hierdie teologiese uitgangspunt tans nie deur die huidige Kerkorde ondersteun word nie. Tydens 'n werkvergadering oor 'n Missionale Kerkorde wat hierdie week in Pretoria gehou is, het dit aan die lig gekom dat dit net 'n halwe waarheid is.

Daar is nie regtig verhinderings in die Kerkorde nie, hoewel die volgorde waarin Artikels voorkom dalk belemmerend kan wees. Die grootste struikelblok is egter die gesindheid waarmee die toepassers van die Kerkorde dikwels werk.

Neem mens God se sending na die wêreld ernstig op, volg dit logies dat die plaaslike dissipelgemeenskap die sentrale plek inneem. Dit is dáár waar die goeie nuus aangaande Jesus hande en voete kry.

Ons sal ook anders moet dink oor ampte. Oorspronklik is gepraat van "dienste", maar die woord "amp" het mettertyd vastrapplek in ons woordeskat gekry.

In die tradisionele verstaan van die gemeente, konstitueer die ampte die gemeente. Die Missionale teologie dink anders hieroor. In God se sending na die wêreld, is die plaaslike dissipelgemeenskap die "amptenaar" in diens van God. Vanuit die dissipelgemeenskap kom daar "gawes" of "dienste" op wat ooreenkomstig elkeen se gawes toepaslike dienswerkers in God se nuwe wêreld is.

Hoewel dit nog uiters voorlopig is, is daar by die werksvergadering 'n moontlike raamwerk vir die kerkorde van 'n Missionale Kerk gebore. Feldmuis gee graag sy lesers 'n "proe" hieraan...

PROLOOG: In 'n proloog sal getuig word hoe hierdie dokument gelees en verstaan moet word. Dit wil rigtinggewend en bemagtigend wees vir dissipels van die Here wat in dissipelgemeenskappe afsonderlik, maar ook in dissipelgemeenskappe wat met mekaar in familieverband staan, besig is in God se nuwe wêreld.

Hoofstuk 1: God roep sy kerk

God Drie-enig en die kerk (Art 1-6)

Art 1: God se Missie

Art 2: Jesus Christus is die Here en Hoof van die kerk

Art 3: Die Gees van Christus bevestig sy heilswerk

Art 4: Woord en belydenis

Art 5: Die kerk

Art 6: Die aard (grondwet) van die kerk. Die eie aard van die kerk, wat die regsense die *sui generis*-beginsel noem, moet sterk hierin verwoord word. Die kerk is nie sommer net 'n vrywillige organisasie nie.

Hoofstuk 2: God versamel sy gemeente

Die kerk as plaaslike gemeente (Art 7-10)

Art 7: Lidmate van die gemeente. ('n Pleit het opgegaan om die term "lidmaat" te vervang met "dissipel" waar moontlik.)

Art 8: Gawes aan die gemeente

Art 9: Roeping van die gemeente om diensbaar te wees aan God se koninkryk

Art 10: Die kerkraad

Hoofstuk 3: God vorm en stuur sy gemeente

Die aanbidding, lewe en werk van die gemeente en lidmate (Art 11-19)

Art 11: Die erediens (kerugma en leitourgia)

Art 12: Die doop

Art 13: Die nagmaal

Art 14: Die plek van gebed

Art 15: Die toegewyde lewenstyl van 'n volgeling van Christus (dissipelskap)

Art 16: Die missionêre, diakonale en pastorale werk (marturia, diakonia en paraklese)

Art 17: Die geestelike vorming (didache)

Art 18: Die geestelike begeleiding (as waak oor en vermaan, paraklese)

Art 19: Kerklike vermaning en dissipline

Art 20: Rentmeesterskap (sorg vir finansiële- en eiendomsake)

Hoofstuk 4: God bind sy gemeentes saam

Die kerkverband (Art 21-27)

Art 21: Die plaaslike gemeente en kerkverband

Art 22: Die ring

Art 23: Die sinode

Art 24: Die algemene sinode

Art 25: Kerkvergaderings (die kerkraad, ring, sinode en algemene sinode in vergadering)

Art 26: Besluitneming van die kerkverband (prinsipiële orde vir besluitneming)

Art 27: Kerklike geskille (prosedures)

Art 28: Die opleiding, vorming en bevoegdheid van predikante

Hoofstuk 5: God plaas die kerk in verhouding met ander

Ander verbintenisse en verhoudings van die kerk (Art 29-34)

Art 29: Assosiaatverbintenisse van kerke, kerkgemeenskappe en gemeentes aan die kerkverband

Art 30: Lewe en werk van die kerk in ekumeniese verhoudings

Art 31: 'n Tussen-orde

Art 32: Die kerk en nie-kerklike instansies en verenigings

Art 33: Die kerk en ander godsdienste

Art 34: Kerk en staat